

2 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11

Fokusgedeelte: Openbaring 2:8

Jesus Christus was dood maar lewe weer

Dat Jesus dood was en weer uit die dood uit opgestaan het, is vir ons as gelowiges 'n baie bekende feit. Dit is vir ons só 'n vaste anker dat ons ons hele lewe daarop bou, want ons weet en glo: Omdat Jesus lewe, wag daar vir ons ná ons dood die heerlike lewe saam met Hom.

Die frase dat Christus "dood was" bring sy hele lydengeskiedenis onder woorde. Wanneer Christus aan die kruis sterf, is dit die dieptepunt van sy lyde. Maar sy dood was meer as 'n liggaamlike dood – sy dood was die ewige dood, die dood van die hel, die tweede dood. Máár: *Hy het die dood oorwin!* Omdat Hy ook God is, is Hy sterker as die dood. Hy het die laaste vyand van die mens (1 Kor 15:26) oorwin. Die lewe wat Hy deur sy opstanding verkry het, is van sodanige aard dat die dood geen houvas daarop het nie. In Romeine 6:9 staan: "Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie." Hy maak Hom juis aan die gemeente in Smirna bekend as dié Een wat mag het oor die dood. Dié gemeente was verdruk en op stoflike gebied baie arm – en tog is hulle geestelik skatryk, want Christus is hulle God. Wanneer jy in Hom glo sal jy "beslis nie deur die tweede dood getref word nie" (Op 2:11).

Al kom die swaarste swaarkry op jou pad, moet jy onthou dat Christus ten volle by magte is om jou jóú moeilikheid te bowe te laat kom. Selfs nie die dood is vir Hom 'n té groot struikelblok om te oorkom nie. Wanneer jy die dag sterf, is dit beslis nie die einde van jou lewe nie. Anderkant die graf wag die lewe in ewige heerlijkheid saam met Christus vir jou. Met hierdie wete kan jy elke dag aanpak, elke probleem vas in die oë kyk en seker wees: Ek sal dit oorwin! Christus sal my dit láát oorwin! Met Christus aan my kant is geen vraagstuk vir my te groot nie.

Sing: Skrifberyming 39:1,2,4

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)